



Pitte se Tuinhoekie

deur Herman du Plessis

Klimaatstreke en Plante

Januarie 2015

“Jong,” sê ek vir Pitte toe ons weer bymekaar is, “jong, hier teen die berg waar dit amper ‘n subtropiese klimaat is, is dit maklik om tuin te maak. Jy kan hier ‘n ding onderstebo plant en hy sal groei, maar die arme ouens wat hier in die Moot bly waar die Winterwind alles verskroei en die ryp alles swart brand kry ek darem maar baie jammer. Om van die ouens op die Hoëveld en na die Wes Transvaal se kant toe nie eers te praat nie!”

“Ja,” sê Pitte op sy rustige manier, “dit is nogal moeilik om tuin te maak as die elemente dit nie regtig toelaat nie. Maar daar is hoop! Die eerste ding wat moet gebeur, is dat ‘n mens jou persoonlike voorkeure so effens opsy moet skuif. Dit help nie jy dood oor ‘n laning Duranta Sheena’s Gold en hy ryp jaar na jaar tot in die grond in dood nie. Dan plant jy liever ‘n laning Abelia Francis Mason in die vol son en geniet dit as hy deur die Winter mooi bly en boonop sy goudegeel blare uitdagend die koue Winterlug instoot. Of jy gril jou dood vir ‘n Sipres oor hy jou laat dink aan die familiebegraafplaas op Leeudoringstad maar dis een van weinige plante wat sy man kan staan teen die elemente.”

“ ‘n Goeie wenk as jy ‘n nuwe intrekker in die geweste is en jy weet nie wat aard en wat aard nie, is om te wag voordat jy wegtrek en duisende Rande mors. Probeer om die temperature gedurende die jaar te meet. Die temperature kan wissel van minus 8 of 10 tot hier by die 40o Celcius. Dis ‘n verskil van byna 50o!! Ek weet van ‘n plek net anderkant Brits, teenaan die Langberg waar die temperatuur die afgelope Winter by minus 9 grade gaan draai het en die gemiddelde Somer temperatuur tussen 30 grade en 35 grade Celcius is. Soms nog hoër! Dis moeilik om aan te pas by sulke uiterste omstandighede! Probeer ook so gereeld moontlik by die tuinsentra in jou omgewing ‘n draai maak en kyk wat is beskikbaar. Dis nie altyd ‘n goeie aanduiding nie omrede hulle aan almal se smake wil voldoen, maar dit gee jou darem al ‘n idee.”

“Maar gee my so ‘n paar name,” sê ek baie gretig. “Man, om mee te begin is daar die Palm familie. Palms soos die Washingtonia filifera en die Bismarcia nobilis is ‘n goeie keuse as jy ‘n groot tuin het. Aangesien hierdie palms baie hoog word (tot 20meter) werk dit nie in die klein tuin nie. ‘n Waaierpalm wat regtig sy sout

werd is, is die *Trachycarpus fortunei*. Dis 'n baie netjiese palm en groei redelik vinnig in ideale omstandighede. Dit kan temperature tot -15grade hanteer. 'n Groep van so vyf *Trachycarpus* palms maak 'n ongelooflike vertoning; veral as hulle wissel in hoogte. 'n Ander palm wat ook baie lae temperature kan hanteer, is die *Chamaerops humilis*. Dis ook 'n waaierpalm en doen ewe goed in 'n droë, warm klimaat as in baie koue dele. Wat hom so besonders maak, is dat hy meerstammig is. Dis 'n uitstekende fokusplant. Moet net nooit die ander stamme afsny in 'n poging om hom "skoon" te maak nie. Dan bedons jy die hele palm."

"Bome wat nogal in koue gebiede kan groei, is byvoorbeeld die *Populus simonii* (Populier), Apiesdoring (*Acacia Galpinii*) Dit kan ryp hanteer, maar jong bome moet vir twee jaar beskerm word sodat dit goed kan vestig. Die Soetdoring (*Acacia Karroo*) is ook 'n goeie keuse as 'n boom wat baie koue temperature kan weerstaan. Hy is veral baie mooi met sy goudegeel blomme van Oktober tot Februarie. Die Vanwykshout (*Bolusanthus speciosus*) is ook 'n baie mooi boom. Dit is baie droogtebestand en kan matige ryp werstaan. Jong bome moet vir twee jaar beskerm word. Die Witoliën (*Buddleja saligna*) en die Saliehout (*Buddleja salviifolia*) is albei bome wat oorvloedig blom en wat koue temperature goed kan hanteer. Die Witstinkhout (*Celtis africana*) is natuurlik my gunsteling. Dit is bestand teen droogte en ryp. Wat veral in sy guns tel, is dat hy die boom is wat heel eerste sy blare verloor gedurende die Winter. Dis nie nodig om die hele Winter deur blare te hark nie. Wanneer die Lente naderkom, is hy weer die een wat heel eerste vol nuwe, heldergroen blaartjies is. So, wanneer jy die son

in die Winter nodig het, dan is die boom reeds skoon. En wanneer jy begin soek na skaduwee in die vroeë Somer, dan gee hy dit vir jou. Plant 'n paar van hulle bymekaar vir 'n woud voorkoms. Enkel bome kan baie groot en wyd word, maar as hulle in 'n groep geplant word ongeveer 3 tot 4 meter uitmekaar, dan hou hulle mekaar vas en word hulle nie so verskriklik groot nie. Die Karee (*Rhus Lancea*) is 'n immergroen boom en so ook die Oliehout (*Olea africana*). Onthou net: "ever green, never clean." Daar is altyd iets om bymekaar te hark. Die Berg Kiepersol of ook genoem die Hoëveld Kiepersol (*Cussonia paniculata*) is 'n boom wat baie sterk lyne het en uitstekend aangewend kan word as 'n fokusplant."

"Struik wat goed in koue dele werk is byvoorbeeld die *Anisodonteia scabrosa*, *Athanasia trifurcata*, *Diets bicolor*, *Diets grandiflora*, *Eriocephalus africanus*, *Eriosema psoraleodes*, *Euryops pectinatus*, *Freylinia tropica*, *Helichrysum splendidum* met sy grys loof en goudegeel blomme, *Leonotis leonorus* (Wildedagga) en vele meer. Dis belangrik dat jy bietjie navorsing doen en vasstel of die plante wel in jou omgewing gaan aard. Dis nie te sê dat as dit koue bestand is, dit enige plek sal groei nie. Party mense se tuingrond is so brak dat die klonte snags die katte rondjaag. Niks kan dit regstel nie. Vir so 'n mens het ek net simpatie."

"Ander plante wat ook goed aanpas in die kouer streke, is die Vuurpyle, Vygies, *Gazania's*, *Felicia amelloides*, *Arctotis*, *Crocoshia*, *Tulbachia violacea* en *Scabiosa africana* (lok swerms skoenlappers). Daar is nog baie ander soos die uitheemse vlasse, *Nandina Pigmaea* en *Nandina Domestica* (hoe kouer dit is, hoe rooier word die blare in die Winter) Lavenders en dan natuurlik

die Sipresse. Daar is soveel variëtyte en vorms van die Sipres familie beskikbaar, dat 'n mens 'n tuin kan maak wat net uit Sipresse bestaan. 'n Tuinbankie tussen so 'n klomp Sipresse beloon jou met die aangenaamste aroma denkbaar. So 'n effense speseryagtige geur wat op 'n warm dag 'n baie kalmerende uitwerking op 'n onstuimige gemoed het.”

Ek wens ek het bietjie meer spasie gehad, want dan kan ek dalk 'n foto of drie, vier insluit, maar ons moet maar volstaan met 'n kort beskrywing of selfs net 'n naam. Ek kan nie alles tot in die fynste besonderhede hier beskryf nie. Gelukkig is die internet 'n baie handige stukkie gereedskap en is al die inligting met die druk van 'n paar knoppies beskikbaar. Lesers kan my kontak by 082 635 7088 of by herman@celtislandscaping.co.za .

'n Voorspoedige 2015 vir elkeen van julle en mag ons saam in die nuwe jaar baie vreugde put uit die tuine om ons. Groete tot volgende keer.